Restorasie van Manlikheid

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is ‘n produk deur *Kanaän Bedieninge*, ‘n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- Roly, haar eggenoot vir meer as 35 jaar.

- *River of Life Family Church*
  Pastoor Edward Gibbens
  Vanderbijlpark
  Suid-Afrika
  Tel: +27 16 982 3022
  Faks: +27 16 982 2566
  E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van ‘n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: +27 (0) 21 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

Kanaan In Europa - Basel

Kanaan Ministries Europe
Oikos International Church
Stiftung b/e/t/e/
Reinacherstrasse 1-3
CH-4142 Münchenstein
Basel, Switzerland
Telefoon: +41 (0) 61 332 15 40
Faks: +41 (0) 61 332 15 69
E-pos: kanaanministries@bete.net
Webblad: www.eu.kanaanministries.org

INHOUD

Die roeping en bediening van ‘n vader	4
Wanneer vaders misluk	15
Jy kán slaag!!	18
Die roeping en bediening van die huwelik	21
‘n Verdere openbaring in die studie van die man se roeping en bediening	27
Vader en seuns	34
Die finale maatstaf vir ‘n vader se sukses – eer jou vader	40

DIE ROEPING EN BEDIENING VAN ‘N VADER

A. DIE UITERSTE EN FINALE OPENBARING VAN GOD

God het die heelal geskape as ‘n Vader en Hy het Sy Vadersafdruk gelaat op elke aspek van die skepping.

Efes. 3: 14, 15 Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke **geslag** (Engels: “vaderskap”) in die hemele en op die aarde sy naam ontvang

Alle vaderskap in die heelal het nie op aarde begin nie – dit het in die Hemel begin. Die Bybel beskryf dit so dat daar ‘n intieme, persoonlike verhouding tussen die Vader en Sy Seun bestaan het voordat die skepping nog begin het.

HOE JESUS DIE VADER OPENBAAR HET

Jesus is gestuur deur die Vader om twee doele te volbring:

1. Om die skuld vir ons sonde te betaal, sodat ons vergewe en versoen kon word met God.
2. Om God as ons Vader te openbaar en om ons lede van Sy gesin te maak.

Joh. 17: 6, 26 Ek het **U Naam** openbaar
En Ek het **U Naam** aan hulle bekend gemaak

Wat was hierdie “naam”? Dit was nie **Jehova** of **Yahweh** nie – daardie Naam was **VADER**.

“Openbaar” = om dit duidelik of seker te maak deur te wys / vertoon.

Jesus het God as Vader **openbaar** deur die wyse waarop Hy Sy lewe uitgeleef het – 'n lewe van onafgebroke verhouding met en totale afhanklikheid van God.

Joh. 14:6(a) Ek is die **weg** en die **waarheid** en die **lewe**

Die weg waarnatoe? – Na die VADER!

Joh. 14:6(b) niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Die uiterste en finale doel van Jesus: OM ONS NA DIE VADER TE BRING.

DIE VOORDELE OM DIE VADER TE KEN



1. Identiteit

Beide die Skrif en sielkunde stem saam dat geen persoon ten volle die vraag kan beantwoord van "Wie is ek?", as hy nie weet wie sy/haar vader is nie.

Verhoudings tussen ouers en kinders is so afgebreek gedurende die laaste twee geslagte, dat ons gemeenskap 'n **identiteitskrisis** beleef. Talle is **sonder wortels**; **hulle behoort nêrens**.

Mense wat werklik vir God as Vader ken, het nie langer 'n identiteits-probleem nie. Hulle weet wie hulle is: Kinders van die Allerhoogste God. Hul Vader het hulle geskape, Hy het hulle lief en sorg vir hulle. Hulle behoort aan die **beste gesin in die heelal**!

2. Selfwaarde

Omdat baie van God se kinders 'n te lae dunk het van hulself, ly hulle **onnodige geestelike** en **emosionele pyn**. Deur te besef dat God ons intiem en persoonlik liefhet, dat Hy geinteresseerd is in ons, dat Hy nooit te besig is vir ons nie en dat Hy **begeer** om 'n persoonlike en direkte verhouding met ons te hê, help ons om ons selfwaarde te ontdek.

3. Bewustheid van ‘n Huis in die Hemel

Ons is net op ‘n deurreis na ons ewige bestemming!

4. Algehele sekuriteit

Jesus het ons verseker dat die Vader groter is as alles wat rondom ons is, en dat niemand daartoe in staat is om ons uit Sy Hand te ruk nie.

Luk. 12:32 Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het ‘n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee.

As ons Vader Homself daartoe verbind het om aan ons die Koninkryk te gee, sal geen mag in die heelal dit van ons kan weerhou nie!

5. Motivering vir Diens

Een hardnekkige en deurlopende probleem in die Kerk, is die persoonlike ambisie van diegene in die bediening, wat hulself manifesteer in **kompetisie** met ander bedieninge. Ons maak dikwels die fout om **sekuriteit met sukses** te vergelyk. “As ek die grootste kerk het, die bes bygewoonde dienste, die meeste name op my adreslys, ens. DAN sal ek sekuriteit besit”. Hierdie is ‘n misleiding! Hoe meer ons mik na persoonlike sukses, hoe minder sekuriteit ervaar ons. Ons voel gedurig bedreig en meet onsself aan ander.

ANTWOORD

Joh. 8:29(b) Die Vader het My nie alleen gelaat nie, **omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is**.

MOTIVERING: Behaag bloot die Vader!

B. MENSLIKE VADERS VERTEENWOORDIG DIE VADERSKAP VAN GOD

God plaas waarheid in persone. Jesus is die **Waarheid,** die Weg en die Lewe. M.a.w., Waarheid is 'n persoon – Jesus. Elke vader behoort God te verteenwoordig in sy gesin. **Hierdie is nie eens 'n opsie nie!**

Die vraag: Verteenwoordig jy as 'n vader, vir God reg, of verkeerd?

> **1 Kor. 11:3** Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.

God die Vader
↓
Christus
↓
Die man
↓
Die vrou

Die man is dus verantwoordelik om Christus te verteenwoordig in sy gesin. Wat 'n posbeskrywing vir 'n vader!

Drie hoof bedieninge van Christus waarin die vader Hom behoort te verteenwoordig, is **PRIESTER, PROFEET EN KONING.**

1. DIE VADER AS PRIESTER

Een unieke woord gekoppel aan priesterskap, is **opoffering.** Slegs 'n priester mag 'n offer bring. Dit is die vader se plig om offerandes te bring namens sy gesin:

a. Offerande van danksegging
b. Intersessie

c. Berei ‘n weg vir redding
d. Uitoefening van geloof vir sy kinders

a. Offerande van danksegging

Heb. 13:15 Laat ons dan gedurig deur Hom aan God ‘n **lofoffer** bring, dit is die vrug van die lippe wat Sy Naam bely.

Num. 6:27 So moet hulle dan My Naam op die kinders van Israel lê; en Ék sal hulle seën.

Wanneer ons die Naam van Jesus plaas op diegene vir wie ons bid, roep ons God se seën op hulle af. Min van ons besef hoedat ons mense in hul gees oplig wanneer ons bloot vir God oor hulle prys. Hierdie is ‘n baie belangrike deel van ons bediening as intersessors.

Vaders, neem tog baie meer tyd om God te prys vir jou gesin, omdat, deur dit te doen, jy ‘n atmosfeer rondom hulle skep wat dit vir hulle maklik maak om sukses te behaal.

HET JY GOD AL VANDAG GEDANK VIR JOU KIND?

b. Intersessie

Voorbeeld: Job het vroeg in die oggend opgestaan om offerandes te bring namens al sy kinders. Hy het aanspraak gemaak op die voordele van die offerandes ter wille van hulle.

Intersessie vir ons kinders, dus, behels die aanspraakmaking van die voordele van Christus se dood ter wille van hulle. Elke vader is verantwoordelik voor God om ‘n dag-vir-dag intersessie te handhaaf vir sy hele huishouding.

c. Berei ‘n weg vir redding

OU TESTAMENTIESE VOORBEELD: Pasga.

Die vader het die lam gekies.
Die vader moes die lam slag.
Die vader moet die bloed sprinkel aan die deurposte van die huis.
Dit was sy verantwoordelikheid om toe te sien dat God se voorsiening vir redding toegepas word in sy huishouding.

d. Uitoefening van geloof vir sy kinders

Mark. 9: 23, 24 En Jesus sê vir hom: Wat dit betref – as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo. En dadelik roep die vader van die kind met trane uit en sê: Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!

Die seun kon nie vir homself glo nie, maar die Here het die vader verantwoordelik gehou vir sy seun. Ouers het ‘n veel groter verantwoordelikheid as wat baie van ons bereid is om te erken.

2. DIE VADER AS PROFEET

Jy verteenwoordig God in jou gesin op vier spesifieke maniere:

a. Verteenwoordig God deur Voorbeeld

Die probleem hier is die **wanverteenwoordiging** van God in sy gesin.
Is die vader **liefdevol, toeganklik, meelewend en sterk?**



As die vader bitter, kwaai, krities of net afwesig en onverantwoordelik is, begin daardie kind sy lewe met ‘n negatiewe siening oor God.

Hoe moet ‘n vader funksioneer as **profeet** in sy gesin ten goede en nie ten slegte nie? Heel eerste, deur **LIEFDE**. ‘n Vader se liefde dra die volgende oor: ‘n gevoel van sterkte, sekuriteit, om belangrik te wees, om kosbaar te wees.

Wanneer hierdie soort liefde afwesig is in ‘n kind se lewe, veroorsaak dit ‘n diep innerlike wond, wat die beste beskryf kan word as VERWERPING – ‘n gevoel van ‘ek is onbelangrik of ongewens’.

Dit was hierdie uiterste wond wat Jesus finaal laat sterf het aan die kruis: verwerping deur Sy Vader. Maar onthou, Jesus het ons verwerping verduur sodat ons Sy aanvaarding mag hê.

Miljoene mense het innerlike wonde van verwerping. In die meeste gevalle word hierdie wond van verwerping nooit werklik gediagnoseer nie. Diegene wat dit dra, gaan deur die lewe met ‘n gevoel van **onvolmaak**, en hulle kan nooit werklik verstaan wat dan makeer nie.

Die simptome van hierdie wond kan of **passief of aktief** wees.

Aan die **passiewe kant**: Depressie, sinisme, gebrek aan motivering, hopeloosheid en, uiteindelik selfmoord-neigings.

Aan die **aktiewe kant:** Frustrasie, woede, verwerping van outoriteit, geweld, misdadigheid en uiteindelik, moord.

Baie van die misdaad en geweld in die Westerse gemeenskap vandag, is die gevolg van die mislukking van vaders om hul kinders lief te hê.

Onthou, liefde is **aksie** – ongedemonstreerde liefde vervul nie ‘n kind se behoeftes nie.

DISSIPLINE

Omdat die vader die hoof is van die gesin, behoort alle dissipline gesien te word as komende van hom. Soms kan dit die moeder wees wat die straf uitvoer. Dit is belangrik dat ouerlike dissipline konsekwent moet wees, deur beide ouers goedgekeur en deurgevoer word deur beide ouers.

GEVARE

- **REBELLIE:** Om rebellie te voorkom, moet seker gemaak word dat jou dissipline ferm en konsekwent is.

- **ONTMOEDIGING:** Dit gebeur wanneer 'n vader onnodig heftig, krities en veeleisend is. Die kind hou op probeer – niks is ooit goed genoeg nie.

b. Verteenwoordig God deur Lering

Onderrig hulle aangaande die weë en Woord van God.



Efes. 6:4 En, vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die **tug** en **vermaning** van die Here.

God se orde is dat die vader primêr verantwoordelik is daarvoor om sy kinders die waarheid van God se Woord te leer. Baie keer is dit die moeder wat dit moet doen – en die probleem hiermee is dat seuns die indruk kry dat Christenskap iets vir vroue is.

Deut. 11:19 en leer dit aan julle kinders deur daaroor te spreek as jy in jou huis **sit** en as jy **op pad** is en as jy gaan **lê** en as jy **opstaan**

Elke situasie in ‘n gesin se lewe kan ‘n geleentheid vir lering uit die Skrif wees – en nie net op Sondae nie! Wanneer kinders leer om te bid, word hulle groot as gelowiges. ‘n Ondervinding van beantwoorde gebed is ‘n anker wanneer mense in gevaar is.

c. Kommunikeer beide kante

Die mees effektiewe kommunikasie tussen ‘n vader en kind vind gewoonlik plaas in ‘n nie-godsdienstige situasie. Indien die vader se onderrig geassosieer word met iets styf, formeel en godsdienstig, sal hulle aan die einde van die dag neig om ‘n teensin te hê vir beide die geloof en die onderrig.

Laat jou kinders toe om met jou ook te praat. Moedig hulle aan om hulself uit te druk en hul probleme te verduidelik. Moenie die atmosfeer te godsdienstig maak nie en moenie geskok lyk oor die dinge wat hulle jou vertel nie!



Alledaagse situasies leen hulself tot werklike kommunikasie, bv. –tuinmaak, grassny, ‘n visvang uitstappie, huisskoonmaak, ens.

d. Red jou Gesin in die Laaste Dae

Heb. 11:7 Deur die geloof het Noag, toe hy ‘n **goddelike waarskuwing** ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met **eerbiedige vrees** die ark gereed gemaak tot **redding van sy huisgesin**, waardeur hy die wêreld veroordeel het en ‘n **erfgenaam geword het van die geregtigheid** wat volgens geloof is.

Noag, die regverdige man, het by God gehoor van die ramp wat aan die kom was, en hy het voorbereidings getref en sy gesin gered.

Die dae waarin ons leef, vra vir vaders met ‘n profetiese gees soos Noag s’n. – vaders wat sensitief is vir intimidasies van gevaar wat hul gesinne bedreig en wat beskermende aksie sal neem ter wille van hulle.

3. DIE VADER AS KONING



Die vader regeer sy gesin namens God.

1 Tim. 3:4 een wat sy huis goed **regeer** en sy kinders met alle **waardigheid** in **onderdanigheid** hou.

Van die vader word verwag om outoriteit uit te oefen en om te sorg dat sy kinders respekvol, gehoorsaam en onder sy beheer is. Die vader plaas himself tussen sy gesin en al die druk en gevare van die lewe. Hy gaan ook voor hulle uit en stel ‘n voorbeeld van ‘n Goddelike leefwyse.

1 Tim. 3:5 Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?

Indien ‘n man nie suksesvolle leierskap tuis kan behaal nie, kan hy nie verwag om as leier in die Kerk te slaag nie.

ABRAHAM, DIE VADER VAN ALLE NASIES

Gen. 18:17-19 Daarop sê die Here: Sal Ek vir Abraham verberg wat Ek gaan doen, terwyl Abraham tog sekerlik ‘n groot en magtige nasie sal word en al die nasies van die aarde in hom geseën sal word? Want Ek het hom verkies, **dat hy aan sy kinders en sy huis ná hom bevel sou gee dat hulle die weg van die Here moet hou om geregtigheid en reg te doen**; sodat die Here oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het.

Die finale verantwoordelikheid vir orde in die huis, berus by die vader. Hy is die een wat by God verantwoording moet doen vir sy gesin.

Rom. 4: 11, 12 En hy het die teken van die besnydenis ontvang as ‘n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word; en ook ‘n vader van die besnydenis vir die wat nie alleen uit die besnydenis is nie, **maar ook wandel in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham** toe hy onbesnede was.

Abraham is ‘n vader vir almal wat **in sy voetspore volg** – NIE “ek is weergebore en daarom is Abraham my vader” nie.

NóG MEER DISSIPLINE

Heb. 5:8 Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het.

Jesus moes gehoorsaamheid **leer**, dus, gehoorsaamheid moet **geleer** word. Dit word dissipline genoem.

Jy moet liefde en dissipline kombineer. Kinders wat alles ontvang wat hulle wil hê, alles kan doen wat hulle wil, toegee vir elke aanspraak, sal ontwikkel in ongelukkige, gefrustreerde kinders. Wanneer hulle groot is, sal hulle verwag dat die lewe hulle op dieselfde wyse moet behandel as hul ouers.

Die ongelukkigste kinders is diegene met geen dissipline in hul lewens nie. Hulle is ook die mees onsekerstes, omdat ‘n kind nodig het om grense te hê – grense bied sekuriteit. [**Sien Handleiding “Grense vir kinders”.]**

WANNEER VADERS MISLUK

Deut. 28:41 Seuns en dogters sal jy verwek, maar hulle sal vir jou nie wees nie; **want hulle sal in gevangenskap gaan** ("but you shall not enjoy them").

Dis 'n vloek om nie jou kind te geniet nie!

Hoeveel ouers geniet werklik vandag hul kinders?

God het gemaak dat kinders die grootste seën is wat Hy aan manne en vroue kan gee.

Kinders het in "gevangeneskap gegaan". Daar is verskillende soorte sataniese gevangeneskap:

- Dwelms
- Ongeoorloofde seks
- Die okkulte
- Kultusse
- Ens.

Mal. 2:7 Want die lippe van 'n priester moet **kennis bewaar**, en uit sy mond word **onderrig** gesoek, want hy is 'n boodskapper van die Here van die leërskare.

Die priester moet die Wet van God ken en dit aan die Here se volk vertolk. Dit geld ook vir die vader as priester.

Hos. 4:6 My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, **sal Ek ook jou kinders vergeet**.

Wanneer ‘n vader misluk om sy intersessiebediening as **priester** te vervul, sê God, “Ek sal jou kinders vergeet”. “Jou kinders sal nie langer onder my spesiale versorging wees nie”.

Hoe baie jongmense is vandag vergeet deur God – geïgnoreer deur God – omdat hulle nie vaders het wat vir hulle intree nie?

ANTWOORD

Mal. 4: 5, 6 Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek. En hy sal die **harte van die vaders terugbring tot die kinders**, en die **harte van die kinders tot hulle vaders**, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.

GOD SE DOEL MET DIE HUWELIK



Mal. 2:15 Het Hy dan nie een mens (man en vrou) gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? **Hy het ‘n geslag van God gesoek**. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie.

Wanneer ‘n huwelik ontbind word, is dit die kinders wat die meeste daaronder ly.

Mal. 2:16 Want Ek **haat egskeiding**, sê die Here, die God van Israel, en dat ‘n mens sy kleed (sy vrou) met **geweldpleging bedek**, sê die Here van die leërskare. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou nie.

Die Here haat:

1. Egskeiding.
2. Huwelikskeiding (“van bed en tafel geskei”).
3. ‘n Man wat sy vrou slaan of wat gewelddadig is teenoor haar.

God se vereistes kan alles opgesom word in **een enkele woord**: **LIEFDE**.

Hierdie liefde word gemanifesteer in drie hoof dimensies:

1. Die intieme liefde tussen ‘n man en sy vrou.
2. Die beskermende liefde van ouers vir hul kinders.
3. Die **uitreikende liefde van gelowiges teenoor diegene wat niemand anders het om hulle lief te hê nie** – die **weeskinders** en die **weduwees** (enkel mammas).

JY KáN SLAAG!!



Jy het dalk nou van aangesig tot aangesig te staan gekom met areas van mislukking in jou lewe. Jy het dalk nou besef dat jy nie die vader is wat God van jou verwag nie – en ook nie die vader is wat jou gesin dringend nodig het nie.

Dit is nou die tyd dat jy ‘n besluit moet maak. Draai jou rug op jou mislukkings en wy jouself aan God toe vir die bediening van ‘n vader.

1. NEEM JOU PLEK AS HOOF VAN JOU GESIN

Dit sal ‘n besluit en ‘n ‘commitment’ vereis. “*Here, ek erken dat U my verantwoordelik hou om hoof van my gesin te wees. Deur ‘n wilsbesluit, aanvaar ek nou my plek en die verantwoordelikheid wat daarmee saamgaan. Ek wy myself nou aan U toe vir hierdie taak.”*

God die Vader
↓
Christus
↓
Die man (eggenoot)
↓
Die vrou (eggenote)

<u>Jou outoriteit as eggenoot en vader hang af van die mate waarin jy onderworpe is aan Jesus</u>. Indien jy waarlik onderworpe is aan Hom as jou Hoof, sal al die outoriteit van die hemel deurvloei na jou, deur jou na jou gesin en jy sal effektief kan funksioneer as die hoof van jou gesin. Indien jy nie onderworpe is aan Jesus nie, kan jy ‘n groot poging in die vlees aanwend – jy kan skree en jou voete stamp; jy kan kwaad word en selfs gewelddadig – maar jy sal nog een ding kortkom: egte, Godgegewe outoriteit – en dit alléén kan jou ‘n effektiewe hoof van jou gesin maak.

2. VERTROU GOD VIR DIE GENADE WAT JY NODIG HET

Om ‘n vader te wees, is ‘n roeping van God net so gewyd en spesiaal as die roeping tot ‘n evangelis of pastoor. Vertrou God vir daardie spesiale genade wat jy nodig het om ‘n suksesvolle vader te kan wees.

Heb. 4:16 Laat ons dan met **vrymoedigheid** na die troon van die genade gaan, sodat ons **barmhartigheid** kan verkry en **genade** vind om op die regte tyd gehelp te word.

Wanneer jy na Hom kom op hierdie basis, bied God jou twee dinge: **Genade en barmhartigheid**. Geeneen van hierdie twee kan verdien word nie. Hulle kan slegs ontvangs word as geskenke van God.

• GENADE VIR DIE VERLEDE

Genade handel met die **verlede**. Dit bedek alle mislukkings en foute wat maak dat jy ontoereikend voel. As jy eers bely en vergifnis gevra het vir al hierdie sonde wat jy gepleeg het, kan dit nie langer teen jou gehou word nie.

MIGA 7: 18, 19 Wie is ‘n God soos U, wat die ongeregtighede vergewe en by die oortreding van die oorblyfsel van sy erfdeel verbygaan? Hy hou toorn nie vir ewig vas nie, maar het ‘n welbehae in goedertierendheid.
Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp.

• BARMHARTIGHEID VIR DIE TOEKOMS

“Barmhartigheid” – God se gratis, onverdiende guns vir diegene wat dit nie verdien nie. Deur jou verhouding met God deur Jesus Christus, kyk God na jou met **guns**. Hy het ‘n behae en vreugde in jou. Hy wil die beste hê vir jou. Hy begeer dat jy sal slaag in alle omstandighede – in besonder as ‘n vader.

2 Kor. 12:9 My genade is vir jou genoeg

Barmhartigheid neem ons verby ons eie, natuurlike vermoëns. Wanneer ons ons eie bronne uitgeput het, kan ons na God kyk vir Sy barmhartigheid – Sy bonatuurlike instaatstelling. **Barmhartigheid begin waar ons eie vermoë eindig.**

2 Kor. 12:10 Want as ek swak is, dan is ek sterk.

DIE ROEPING EN BEDIENING VAN DIE HUWELIK

DIE HUWELIK IS ‘N VERBOND

Die drie mees belangrike verhoudings beskikbaar vir mense is:

1. Die verhouding tussen die gelowige en God.
2. Die verhouding tussen huweliksmaats.
3. Die verhouding tussen gelowiges onder mekaar.

Die basis van elkeen van hierdie verhoudings is ‘n **verbond,** wat die mees plegtige, bindende vorm van toewyding is wat die Bybel beskryf. Geen blywende verhouding kan gebou word volgens Bybelse beginsels sonder ‘n verbond nie. Kinders wat die vrugte is van ‘n verbond tussen ‘n man en sy vrou, word ingesluit binne die omvang van die verbond wat vasgestel is voor God en hul ouers.

VERBONDSVERBREKERS



God is baie ernstig t.o.v. die hou van ‘n verbond.

Mal. 2:14 En julle vra: Waarom? Omdat die Here getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond.

God spreek manne aan wat hul vroue verkul. God sê:
“*Dit maak nie saak hoe dikwels jy bid of hoeveel tyd jy in die kerk spandeer nie. As jy nie getrou is aan jou verbondsbelofte aan jou vrou nie, sal Ek nie na jou gebede luister nie”.*

Dit is hoekom egbreuk ‘n veel ernstiger sonde is as ontug. Ontug verbreek nie ‘n verbond nie. Egbreuk is immoraliteit wat ‘n belofte verbreek.

DIE VERBORGENHEID (mysterieuse) VAN DIE VERRBOND

Niemand kan verbond in ‘n Bybelse sin verstaan, behalwe deur openbaring nie – dit is een van God se geheime.

Ps. 25:14 Die verborgenheid van die Here is vir die wat Hom vrees, en **Sy** verbond om hulle dit bekend te maak.

God openbaar hierdie geheim slegs aan hulle wat Hom vrees.

Efes. 5: 22-31 verduidelik dat die huweliksverhouding tussen ‘n man en vrou ‘n tipe/beeld is van die verhouding tussen Christus en Sy Kerk.

Efes. 5:32 Hierdie verborgenheid is groot (This is a great mystery).

Ons kan die ware aard daarvan slegs verstaan as ons die geskikte proses van **inisiasie** deurgegaan het. Hierdie proses vind plaas wanneer, by die huweliksseremonie, ‘n man en vrou in ‘n verbond gaan met God en met mekaar. Slegs wanneer hulle gewillig is om hierdie verbondsbelofte aan te gaan, kan hulle begin ontdek wat die ware karakter van die huwelik is.

Paartjies wat nie gewillig is om hierdie voorwaarde na te kom nie, kan die wetlike en fisiese aspekte van die huwelik ervaar, maar sy ware karakter bly vir hulle geslote – ‘n misterie – ‘n geheim.

DIE BEGINSELS VAN VERBOND

Ps. 50: 4, 5 Hy roep na die hemel daarbo, en na die aarde, om sy volk te oordeel: Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat **my verbond by die offer sluit**!

‘n Verbond word gesluit op die basis van ‘n **offer** – ‘n offer vereis gestorte bloed – ‘n lewe neergelê.



Heb. 9: 16, 17 Want waar ‘n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word; want ‘n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie.

Wanneer jy ‘n verbond aangaan, teken jy die volmag vir jou eie dood!

VOORBEELD

God gaan ‘n verbond aan met Abraham – **Gen. 15:17** En na sononder, toe dit heeltemal donker was, gaan daar ‘n rokende oond en vurige fakkel tussen die stukke vleis deur.

Die deurgaan tussen die stukke offerande beteken: “*Hierdie dood was my dood. Van nou af sterf ek aan myself en leef vir die een met wie ek in verbond is*”.

Wanneer ‘n Christen-man en -vrou trou, gaan hulle saam deur die offerande van Jesus aan die kruis.

Gal. 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

Elkeen lê sy/haar lewe neer vir die ander. Dit is die basis van die Christen huwelik.

Die wêreld sê: *“Wat kry ek hieruit?”*

Die Bybel sê: *“Wat kan ek gee?”*

DIE MAN SE VERANTWOORDELIKHEID

1. Jy moet jou vrou liefhê

Efes. 5:25 Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor gegee het

Let wel: Hierdie is 'n liefde wat **gee.** Dit is die man wat die inisiatief moet neem om homself te gee aan en vir sy vrou.

2. Ontvang inspraak

Die man behoort altyd ruimte te maak vir sy vrou om haar gedagtes vryelik uit te spreek en sensitief te wees vir wat sy dink en voel, selfs wanneer sy dit nie in woorde uitspreek nie. Haar onuitgesproke gevoelens is dikwels haar diepstes, en dit is daardie gevoelens waarvan haar man die meeste bewus moet wees. Hy moet ook onthou dat sy vrou haar eie, spesiale soort wysheid (intuïsie) besit.

3. Neem besluite

Dit is die man se verantwoordelikheid om die finale besluite te neem, en as daar goeie, oop, vrye en respekvolle kommunikasie was, sal die vrou gelukkig voel om haar man toe te laat om sy verantwoordelikheid te dra.

4. Inisieër aksie

Hierdie is die praktiese stappe om 'n besluit te kan uitvoer.

5. Vertroeteling en koestering



Een woord behoort die houding van elke man teenoor sy vrou te beskryf: SPESIAAL. Elke man behoort aan homself te sê: "My vrou is spesiaal. Daar is niemand soos sy nie". Daarom behoort hy met haar 'n verhouding te hê soos hy met geen ander vrou het nie.

Dit behels seksueel, die manier waarop hy aan haar dink, die manier waarop hy van haar praat, die manier waarop hy haar behandel, ens.

Efes. 5: 28, 29 So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente.

Hierdie skrifgedeelte vestig aandag op wat mag voorkom as klein detail:

- Sy vrou se gesondheid.
- Haar voorkoms.
- Die manier waarop sy haar hare versorg.
- Die parfuum wat sy gebruik.

Alles wat haar betref, behoort vir hom belangrik te wees. Sy behoort altyd die vertroue te hê dat sy vir haar man die belangrikste persoon in die wêreld is.

Manne: Indien jy in jou vrou saai op hierdie manier, sal jy 'n oorvloedige oes kry!

6. Gee woorde van waardering

Lees **Spreuke 31**, veral verse 28 en 29.

Spr. 31: 28, 29 Haar seuns tree op en noem haar gelukkig, haar man ook, en hy prys haar: Baie dogters het hulle knap gedra, maar jy oortref hulle almal.

Sommige eggenote is suinig met hul woorde van waardering. Valse ekonomie! Om waardering uit te spreek teenoor jou vrou, is een van die beste beleggings wat jy ooit kan maak. Indien sy getrou en toegewy is, is daar geen manier wat hy haar in geld kan aanbied wat sy werklik werd is nie.

Spr. 31:10 haar waarde is ver bo korale.

Bied haar jou hartgrondige waardering!

‘n FINALE UITDAGING

‘n Man se sukses word gesien in sy vrou.

VRAE: Is sy veilig en vervuld?
Voel ek trots op haar?

Indien jou antwoord “ja” is, is jy ‘n suksesvolle man. Maar indien daar duidelike areas in haar persoonlikheid is wat onvoltooid is, indien sy tekens toon van stres of onsekuriteit, behoort jy jou optrede as man na te gaan.

Vra die Here vir die genade wat jy nodig het om beter te kan doen.

‘n VERDERE OPENBARING IN DIE STUDIE VAN DIE MAN SE ROEPING EN BEDIENING

Gen. 1: 26, 27 En God het gesê: Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis, en laat hulle **heers** oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; **man** en **vrou** het Hy hulle geskape.

Aan Adam is die vermoë gegee om te heers oor die aarde. Hy het opdrag ontvang om dit te onderwerp.

Hierdie vermoë om outoriteit uit te oefen oor die res van God se skepping, het deur Adam se **gees** gekom. **Alle ware outoriteit van God vloei deur die gees.**

Gen. 2: 21-23 Toe het die Here God ‘n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. En die Here God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot ‘n vrou, en bring haar na die mens. Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal **mannin** genoem word, want sy is uit die man geneem.

Die Hebreeuse woord vir **man** is *iysh* en vir **vrou** is *ishshah.*

Adam beteken *oorsprong van man* (geskape na die beeld en gelykenis van God).

Iysh beteken *karakter van die mens.*

MANLIKE *DNA*-STRUKTUUR – "iysh"

- Eggenoot, rentmeester, groot, magtig, waardig, kampioen, kragtig en sterk.
- Erflikheidsfaktor van **oorlog** – **Exod. 15:3** *Die Here is 'n Man van Oorlog….* Aggressie, konfrontasie, oorwinning, heersing. 'n Man behoort te veg om diegene in sy sorg te beskerm – sonder om te dink en sonder dat dit vir 'n prediker nodig is om hom daaraan te herinner.
- Die natuurlike vermoë om 'n **eggenoot** en 'n **vader** te wees. Hy sal van nature getrou en verantwoordelik wees soos ons Hemelse Vader.
- **Kampioen** – wil kompeteer om te wen. Hy help jou om jou Godgegewe vermoëns te identifiseer, wat jou weer help om jou gawes en roeping te definieër. Mans moet hul sterk punte toets en hul swakhede blootstel.

- **Rentmeester** – 'n Ware man neem verantwoording vir diegene in sy sorg. Hy moet sy wêreld goed bestuur en orde handhaaf. Hy moet die swakkere beskerm.

BALANS TUSSEN KAMPIOEN EN RENTMEESTER

Die man is nie geskape om aan die een kant diktator of aan die ander kant verwyfd te wees nie.

Die "macho man" leef 'n alleen-lewe – hy is so sterk en hard dat hy nie van homself kan gee nie. Hy is te koel om liefde te toon aan sy vrou en kinders. Hy kan soveel van 'n oorwinnaar wees, dat hy fisies mishandelend kan word teenoor diegene wat God in sy sorg geplaas het.

DIE ORDE IN DIE HUIS

1 Kor. 11:3 Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.

Hierdie leierskap is nie alleen ‘n instelling van God nie, maar dit is iets wat Hy in die man se karakter geplaas het.

DIE VERSKILLE TUSSEN MAN EN VROU

MANLIK	**VROULIK**
Zakar	**Neqebah**
Heerser.	Helper.
Rentmeester.	Elegante
teenoorgestelde.	
Oorwinnend.	Met openinge.
Vergelyk/Konfronteer.	Om te prik/deursteek.
Kampioen.	Om te perforeer.
Kragtig.	Om te deurboor.
Sterk.	Om die saad van die lewe te ontvang.

‘n Ware vrou van God word maklik deurboor/geprik deur God.
Sy sal haar hart en lendene van nature vir haar man oopmaak indien hy die teenwoordigheid van God met hom saamdra.

Efes. 5: 22-27 Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees. Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.

‘n Man word beveel deur God om aan sy vrou die “sperm” van God te bring.

Hy is verantwoordelik daarvoor om sy vrou voor God te bring as die glorie van sy refleksie, sonder vlek of rimpel. Hý (nie die pastoor nie) moet God aan haar bring!

Baie vroue trou met die oog op ‘n man se uiterlike voorkoms of finansiële sekuriteit en bevind hulself gefrustreer en seksueel terughoudend. Hulle begeer om die heerlikheid van God aan te raak, maar hul vind slegs die heerlikheid van die man. Die vrou is geskape om aan haar man geestelik deelagtig te wees.

DIE SEKSUELE DAAD

Die man is oor sy bruid – meedelend deur sy karakter as ‘n lewegewende gees en die vrou is onder haar man – en ontvang daardie lewe van God. Die doel van seks is nie langer fisiese intimiteit nie; die doel van seks is nou geestelike intimiteit. Geestelike gemeenskap is die “Allerheiligste” van die huweliksverbond.

Manne, moet nooit begeer om jou vrou se liggaam te neem as jy nie eers haar hart besit nie.
Jesus forseer Homself nooit op Sy Bruid, die Kerk af nie. Nee, Hy TREK haar nader deur Sy liefde en Sy lewe.

Neqebah is deur God geskape om deursteek/geprik te word deur die heerlikheid van God.

ZAKAR

Gen. 1:27 En God het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

Zakar beteken *'n spesie gemerk sodat dit herken, onthou en genoem kan word.*

Die man is **gemerk** deur God. Daar is iets in die man geplaas wat veroorsaak dat hy uitstaan en herken word. God het die man spesiaal **gemerk** vir **leierskap.**

DIE INEENSTORTING

Die ineenstorting in God se orde begin by die man.

Die vrou is nie geskape om die man te help om die wellus van die vlees te vervul nie. Sy is geskape om hom te help om God te gehoorsaam.

Wanneer 'n man nie langer daarna soek om die wil van God in sy lewe te vervul nie, kan 'n vrou nie haar doel in hom vind nie. Die vrou is ontwerp om haar doel in haar man te vind deur die refleksie van God in hom.

Die man is gemerk met heerlikheid. Heerlikheid is nie skoonheid nie. Skoonheid is net 'n plaasvervanger vir heerlikheid. Godsdiens is die uiterlike versiering wat die man gebruik om sy gebrek aan ware geestelike heerlikheid te verberg.

Vyeblare en voorskote is nog altyd deur die gevalle mens gebruik om sy verlore heerlikheid te verberg deur die werk van sy eie hande.

Manne moet hul verantwoordelikheid opneem om man te wees:

- God het jou gekies en verordineer tot manlikheid.
- Aan jou is die eienskap gegee om die koninkryk van duisternis te deursteek en te penetreer met die lig van God se Koninkryk.

- Jy is geskape om te oorwin en te heers oor God se skepping.
- Jy is gebore om owerhede en magte omver te werp en hul werke te vernietig.
- Jy is geskape om die hoof te wees van jou huis en om goed te 'regeer'; en altyd die rol van verdediger met nugtere bedaardheid op te neem.
- Jy is geskape deur God om die priester van jou huis te wees, om jou vrou te was met die water van die Woord en om jou kinders groot te maak volgens die karakter en vermaning van die Here.

DIE GEHEIMENIS VAN DIE HUWELIK

Manne word beveel om saam te woon met jul vroue volgens **kennis** (1 Pet. 3:7).

Openbaring is dus nodig aangaande hierdie groot geheimenis – om die verskille te verstaan tussen man (iysh/zakar) en vrou (ishshah/ neqebah).

Efes. 5: 25-29 Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente.

Daar is **twee** duidelike aanduidings wat van 'n man verwag word – hoe hy sy vrou moet liefhê:

1. Manne moet hul vroue liefhê soos Christus die Kerk liefhet – deur haar te **reinig** en te **heilig**. Hierdie verhouding hanteer haar behoefte as *neqebah* (vrou) en moet vervul word deur *zakar* (man).

2. Hulle moet ook hul vroue liefhê soos hulself, deur haar te voed en te koester. Hierdie verhouding toon haar behoefte as *ishshah* (vrou) en word voorsien deur *iysh* (man).

Ons Hemelse Vader versorg ons in ons **natuurlike** lewe deur ons te voed en te koester. Om dit te kan doen, vervul Hy ons **fisiese** en **sielsbehoeftes**. Terselfdertyd bedien Hy ons geestelike behoeftes deur ons, Sy Bruid te heilig en te reinig deur Sy Woord.

Manne moet dieselfde voorsien aan hul vroue – in BEIDE areas – GEESTELIKE en NATUURLIKE behoeftes.



'n Vrou is 'n toegesluite tuin, 'n geslote bron en 'n geseëlde fontein as sy nie sagkens aangeraak word deur haar man nie (Hooglied 4:12). 'n Man sal grootliks oes as hy in sy tuin saai – dus, moenie jou persoonlike "tuin van Eden" verwaarloos nie.

Die "Allerheiligste" in die geheimenis van die huwelik, word binnegegaan wanneer *zakar* (man) en *neqebah* (vrou) saamkom. *Iysh* (man) en *ishshah* (vrou) kan slegs seks hê; maar dit neem *zakar* en *neqebah* om liefde te maak. Dit behoort 'n natuurlike oorgang te wees om te vloei vanaf gebed en die aanbidding van Jesus Christus na die intimiteit van die onbevlekte huweliksbed. Weereens rus die verantwoordelikheid op die man as die priester van sy huwelik om die wind van die Heilige Gees te blaas op sy tuin sodat haar lieflike geure daaruit kan vloei (Hooglied 4:16).

Seksuele intimiteit tussen *zakar* en *neqebah* is ingestel deur God om ons te leer van die ware intimiteit tussen Christus en die Kerk. Manne moet leer om met hul vroue in **kennis** saam te woon.

Wanneer sy kom as *ishshah* met die behoefte om gevoed en gekoester te word deur haar natuurlike man, behoort hy te voorsien in die behoeftes van haar vlees en haar liggaam deur *iysh.* En wanneer sy kom as *neqebah*, met die behoefte om gereinig en geheilig te word in haar gees, moet hy aan haar God bring deur die reflektiewe karakter van *zakar.*

VADER EN SEUNS

IS JY 'N VADER?

1 Kor. 15:46 Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike.

Ragel het 'n seun gebaar met die naam van "Benoni" wat beteken "seun van my smarte". Maar sy vader het sy naam verander na "Benjamin" wat beteken "seun van my regterhand". In hierdie naam was die eindbestemming wat gelei het tot die bloedlyn van koning Saul.

Wat waar is in die natuurlike, volg in die geestelike – gee die stok aan na die getroue kinders.

Mal. 4: 5, 6 Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek. En hy sal die harte van die vaders terugbring tot die kinders, en die harte van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.

Hierdie is so belangrik dat God een laaste bediening van versoening sal hê voordat Hy terugkeer.

In die natuurlike het Johannes die Doper gekom in die gees van Elia (Luk.1:17).

Paulus was 'n **geestelike vader** (1 Kor. 4:15). Hy was 'n vader vir **Timoteus** (2 Tim. 1:2) en **Titus** (Titus 1:4). Ons lees ook van Paulus se vaderskap waar hy die "**klein kindertjies**", "**vaders**" en "**jong manne**" aanspreek (1 Joh. 2: 12-14).

VOLWASSENHEID

Wanneer ons onvolwase is, kan ons ly op die volgende maniere:

1. In die natuurlike

A. Leierskap
- Emosioneel
- Sosiaal
- Sielkundig



B. Onderdrukte kinders – draai na woede / rebellie.

C. Weeskinders sal vir jare soek na oorsprong en geen grense hê nie.

2. Geestelik

Wanneer mense van God weier om volwassenheid in Christus te bereik, word hulle veroordeel op die volgende maniere:

A. Hulle bevind hulself met onvolwasse leiers (Jes.3: 4, 5; 1 Kor. 4:15 – "seunsleiers").
B. Oppressie (Jes. 3:5).
C. Begeer identiteit (Jes. 3: 6, 7; 4:1 *"…sewe vroue sal een man neem…"*

GOD SE ORDE

Vader na seun

Abraham
↓
Isak
↓
Jakob
↓
12 stamme

Abraham

Een seun (kinderlose situasie)
Isak

Twee seuns (kinderlose situasie)

Jakob (en Esau) (twee van 'n kinderlose situasie Ragel)

12 seuns

Geslagtelike seëning!!

Abraham offer sy eie lammers;
hy ken God slegs as El Shaddai

Abraham se kinders, met die salwing van Priesterskap, ken God as Yahweh (dubbele salwing).

Aaron (Hoëpriester)
(Eks.40: 12-15)

Vier seuns (priesters)

Stam van Levi

Priesterskap gegaan van vader na seun.

Aaron (Hoëpriester) seuns tot
mikvah koms van
Jesus (Jordaanrivier)

Seuns dra kledingstukke om outoriteit te kry.

Heb. 5: 4-5 – Verbintenis in bediening is altyd geestelik
Moses na Josua (Deut. 34:9)
Sameul na Saul (1 Sam. 10:12)
Sameul na Dawid (1 Sam.16:13
Elia na Elisa (2 Kon. 2:12)
Paulus na Titus (Tit. 1:4)

WAT DRA ONS OOR?

SEëNINGE

Geregtigheid – Deut.7:9;

Openbaring van God – Deut.29:29
Verhouding – Eks.29:42
Eks.30:8Onreine erfenis – Deut.23:3
Versoening – Eks. 30:10
Rus – Eks. 31:16
Salwing – Eks.30:31; 40:15
Offers – Lev.6:18; Num.15:21
Benodig vir diens – Lev. 10:9
Finansiële vryheid – Lev. 25:30
Kleding – Eks.28: 42-43;
Num.15:38
Diens – Num.18:23

VLOEKE

Ongeregtigheid – Eks.20:5;
34:7; Deut.5:9
Onwettigheid – Deut.23:2
Gebed – Ps.141:2;
Diskwalifikasie van diens –
Lev.21:17; 22:3

HOE VERHINDER ONS DIE VLOEI?

1. Tart jou kinders – Efes. 6:4
2. Verkoop jou geboortereg – Gen.25: 29-34; Heb. 12:16-17
3. Steel iemand anders se geboortereg – Deut.19:14; 27,17; Hos.5:10

HOE WORD JY 'N VADER?

1. Wees bereid om jou seun te besny – gaan 'n verbond aan. Dit is 'n pynlike, tydsame en duur prosedure, maar dit produseer 'n seun wat sy vader eer (Eks. 4:24-26 – Moses; Hand. 16:1-3; Deut. 10:15-16; Jer. 4:4).

   Jakob het 'n kledingstuk gegee – bedekking van outoriteit en guns gemaak met materiale van liefde, poging en tyd (vaderhart).

   Josef het dit gevul met eer en getrouheid (seun).

Aaron is op sy kop gesalf – nie sy seuns nie (Eks.29:4-9), maar daar is aan hulle jasse/kledingstukke gegee (Eks. 28:1-3). Salwing word oorgedra deur olie wat afvloei oor die kledingstuk en oorvloei op die seun – kledingstukke van liefde, ondersteuning en waardering (Eks. 29:29-30; Lev. 8:33; Hand.19:11-12 – Paulus; Efes. 4:11-15 – vyfvoudige bediening en nie langer KINDERS nie).

Gaan 'n verbond aan

↓

Vader- / Seunverhouding

↓

Volwassenheid

As jy nie 'n verbond aangaan nie, kan dit tot een van twee paaie van vernietiging lei:

1. Waar jy net jouself as hoof van die huis wil hê
   Seun = baster; buite-egtelik.

2. Waar jy wil seker maak dat net jy produseer
   Seun = gekastreer; ontman.

2. Verstaan dat jou rol is om 'n "seun" te produseer wat 'n dubbele salwing dra en meer sal doen as wat jy ooit kon (Elia – Elisa; Johannes – Jesus).

3. Verordineerde vaders behoort 'n aardse bevestiging en getuie te wees vir die hemelse stem van Vader God (**Ps.42:7** " .die vloed roep na die vloed .."; **Jer. 31:9** "Maar dit wat uit die mond kom, kom uit die hart").

4. Help jou seun deur die woestyn.

   Toe Jesus 12 jaar oud was, het Hy gesê, "Weet julle dan nie dat ek met My Vader se dinge besig is nie?" in **Luk.2:49**. **Luk.2: 51-52** leer ons dat Hy gegroei het in volwassenheid.

Na 18 jaar van stilswye het Hy in die bediening gekom – **Luk. 3:21-22** “Jy is My Geliefde Seun”.

Help hulle om waardes te leer en om die drie fisiese en geestelike aanvalle van die lewe te oorkom:

1. **Kain**
   Hy wil nie hê dat enigiemand meer moet hê as wat hy het nie en hy wil die grootste wees.

2. **Balaam**
   Hy verkoop openbaring vir wins en lei mense se harte weg van die vader; wend sy gawes vir geld aan; reik uit na beide wêrelde en verloor beide.

3. **Korag**
   Hy spreek bose woorde teen die gegewe woord; bewonder iemand tot sy eie voordeel; rebellie.

   Les: Ruben
   Absalom.

DIE FINALE MAATSTAF VIR ‘N VADER SE SUKSES – EER JOU VADER



Vaders maak foute. Vaders word oud en het nie langer die krag wat hul seuns so liefgehad het nie. Alhoewel hulle nog die hart het, raak die liggaam oud.

Paulus, in die tronk, die man wat baie geklee het, het nou ‘n kleed nodig – **2 Tim. 4:13**.

Maar ‘n seun sal:

1. Eer jou vader dat jou dae verleng mag word (Eks. 20:12)

   Vs

   Vervloek jou vader, en jy sal sterf (Mat. 15:4)

2. Manifestasie van eer is substansieël (Spr. 3:9; 1 Kron 17:5; 1Tim. 5: 3, 17, 18)

   Vs

   Lippetaal (Jes. 29:13)

3. Wag vir sy erfenisreg

   Vs

   Saul het Sameul se plek geneem (1 Sam. 15:22)